IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1987-11-20

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 321

(Bladsye 18 369 - 18 408)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 20 NOVEMBER 1987.

MAKALO NATHANIEL MAPHALLA, v.o.e. (Deur tolk)

COURT : Is accused no. 1 absent?

MR BIZOS : Absent by Your Lordship's leave.

MNR. JACOBS : U Edele, net voordat ek begin met die getuie, die staat kon die spertydperk ontmoet. Ek vra dat mnr. Fick net vir 'n oomblik oorneem en borgstukke inhandig by die hof.

MNR. FICK : U Edele, ek het die stukke opgehandig. Die oorspronklikes is reeds by u griffier ingehandig. Ek wil net verlof vra om die hof se afskrifte op te handig. Ek het gepoog om die verklaring van kaptein Botha, dit is die eerste verklaring in die stukke - ek het die stukke laat uithaal waarop die staat steun. Waarom dit dik is, is omdat dit volledige volumes van sekere bewysstukke is, maar die staat steun nie op almal nie. Net die stukke waarop die staat steun het die staat in die verklaring na verwys. Kan ek ook net een ander aspek meld. Ek het gisteraand agtergekom in die verklaring van kaptein Botha, dit is die eerste aanhangsel, Aanhangsel A, van bladsy 14 tot by bladsy 47 word daar telkens net gepraat van 'n verslag. Dit is eintlik Aanhangsel E tot die verklaring van kaptein Botha, net vir die hof se gerief. Dit is een keer gemeld as Aanhangsel E, maar daarna het die getuie aan mekaar net gepraat van die verslag. In der waarheid word bedoel Aanhangsel E.

HOF : As daar nou staan op bladsy 14 "'n Verslag wat uitgebring is oor die geheime National Working Committee Conference", bedoel u daar Aanhangsel E?

MNR. FICK : Dit is elke keer Aanhangsel E waar die woord verslag gebruik is.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U was gister

besig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

besig om vir die hof te vertel van die mense wat van voor af gekom het, blykbaar mense wat van voor af gekom het. Jy het gesê wat jy gesien het is die plakkate het terug gewys? -- Ja, ek het gesien dat die plakkate in my rigting gewys het.

Verwys u nou na die plakkate wat voor aan julle optog was, wat nou omgedraai het daardie mense? -- Dit is nie dat hulle almal in dieselfde rigting gestaan en kyk het hierdie plakkate nie. Hulle het in verskillende rigtings gekyk. Daar was van hulle natuurlik wat in my rigting met die plakkate gekyk het.

So, moet ek dan aanvaar dit is net die plakkate wat omgedraai het wat jy gesien het daar voor of in die verskillende rigtings, maar die plakkate wat net deurmekaar was daar. Jy het nie mense gesien daar nie? -- Ek het hier getuig dat mense daar in verskillende rigtings gekyk het.

Waar was hierdie mense met die plakkate wat in verskillende rigtings gekyk het? -- Die mense het in verskillende rigtings gekyk, wat vir my 'n aanduiding was dat die mense mekaar daar raakgeloop het.

HOF : Dit is nie die vraag nie. -- Herhaal die vraag dan vir my?

Die vraag is waar was hulle? -- Hulle was heel voor, dit wil sê die voorpunt van die mense wat in die optog deelgeneem het.

MNR. JACOBS : Waar was die voorpunt op daardie stadium? Kan jy vir die hof sê? -- Dit was in die nabyheid van die punt waar die pad 'n draai maak in die rigting van die poskantoor.

Was hulle al op die punt waar dit gedraai word of was hulle nog voor daardie punt gewees? -- Dit is voor hulle



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by die punt kom waar die pad begin ŉ draai maak.

As die mense, soos jy sê in verskillende rigtings gekyk het en selfs terug na jou toe, het hulle almal, die voorpunt van die optog, tot stilstand gekom daar? -- Dit laat my so dink, ja, al het ek nie presies gesien dat hulle tot stilstand gekom het nie, maar ek vermoed dat hulle tot stilstand gekom het.

As die mense omgedraai was en teruggekyk het, party van hulle en na jou kant toe, dan moes hulle sekerlik gestaan het, is dit nie so nie? -- Dit kan wees dat daardie persone agteruit gestap het.

So, nou stap hulle agteruit in mense in wat nog wil inkom in die optog in? -- Ek sê nie dit is wat gebeur het nie. Ek dink dit is moontlik dat dit gebeur het.

En dié wat nou in alle rigtings, jy sê hulle het in alle rigtings gekyk, die ander het dan op hulle sykant aangeskuif in die rigting van die plek waar die pad swenk? -- Nee, nie na die kante toe nie.

Maar jy het dan gesê die mense het in alle rigtings daar gekyk? -- Ja.

Hoe het hulle dan beweeg, dié wat nou sê na die kante toe gekyk het? Die kante van die optog? -- Die optog het na vorentoe beweeg. So, daar was niemand wat na die sykante toe beweeg het nie.

So, daar was ook niemand wat in alle rigtings gedraai gewees het nie, daar op die voorpunt? -- Daar was mense gewees.

Kan jy onthou, by daardie interseksie waar die pad effens na regs geswenk het, was daar weerskante van die pad, weerskante van die optog ander mense daar? -- Ek kan nie

onthou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onthou dat ek persone daar gesien het nie, maar dit kan wees dat daar wel persone was wat daar gestaan en kyk het.

Maar jy het mos nou vorentoe gekyk om te sien wat daar aangaan. Dan sou jy mos mense gesien het as daar aan die sykante persone was? -- As ek na vorentoe kyk, kyk ek na wat gebeur op die optog daar heel voor en as ek praat van mense wat moontlik daar kon gewees het wat ek nie gesien het nie, praat ek van kinders wat moontlik op die persele gestaan het en kyk.

Is dit reg, daar waar daardie pad effens na regs swenk, kan jy reguit vorentoe ingaan in 'n steeg in daar. Is dit reg so?

HOF : Nee, dit is definitief nie reg nie. Nie op enige van die twee weergawes is dit reg nie. Jy loop nie heeltemal reguit vorentoe toe. Daar is 'n steeg, ja, wat op daardie punt uit die pad uit loop, maar dit is nie heeltemal reguit soos jy gegaan het nie.

MNR. JACOBS : Is daar 'n steeg daar waar die pad - laat ek dit eers so kry. Is daar 'n pad wat links uitdraai uit hierdie pad uit? -- Ja, daar is.

En is daar ook 'n steeg op daardie punt? -- Ja, daar is.

Op die pad wat daar na die linkerkant toe aansluit by hierdie pad en uitdraai, het jy daar op daardie linker pad mense gesien? -- Ek het in hierdie optog aan die regterkant van die optog gestap, so ek was dus nie in staat gewees om aan die linkerkant te sien wat daardie kant gebeur nie.

As iemand sê dit was op daardie interseksie, daar waar die pad na regs swaai en die linker pad aansluit, dat daar was 'n heeltemal deurmekaarspul daar?

HOF : Kan ek net 'n vraag vra hier om duidelikheid te kry.

Toe/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Toe die dinge waarvan u nou praat wat daar by die draai, by die interseksie gebeur het, plaasgevind het, waar was u toe ongeveer? -- Ek was in die laaste kwart van hierdie optog. Dit wil sê heel agter.

Waar was u in verhouding met Moloantoa se Garage? -- Ek was omtrent 5 meter verby Moloantoa se Garage.

So, wat plaasgevind het, het baie ver voor u plaasgevind? -- Dit was 'n hele goeie ent ver van my.

Was dit maklik of moeilik om te sien wat daar aangaan? -- Dit was nie vir my maklik gewees om te kon sien wat daar gebeur nie.

U loop in die optog maar aan die regterkant? -- Ja.

Sou u vanaf daardie posisie kon sien as 'n groep of 'n klomp mense voor van die linkerkant van die optog afskil na links toe? -- Nee, ek sou dit nie gesien het nie.

MNR. JACOBS : Ek wil met jou 'n ander aspek net hier behandel. Ons het getuienis in hierdie hof - laat ek dit eers so kry. Hoe ver is jou huis ongeveer van Moloantoa, die BP Garage af? -- Omtrent 3 kilometers.

Ek wil dit aan jou stel dat daardie oggend van 3 September 1984 ongeveer 07h00 het 'n polisievoertuig oorkant Moloantoa se Garage in die veld daarso posisie ingeneem? -- Dit weet ek nie van nie.

En wat toe gebeur het, terwyl die polisie daar was om 07h00 die oggend het jeugdiges die pad daar begin versper? Padversperrings daar in die pad aangebring? -- Dit het ek nie gesien nie.

En net om die prentjie aan jou volledig te stel, dat die polisie was daar met klippe aangeval? -- Ek weet nie daarvan nie.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ook die busse wat daar gekom het by die busstop, is gegooi met klippe en die passasiers wat met daardie busse wou ry, het gevlug? -- Ek weet nie daarvan nie.

En dat die polisie toe daarso verskeie skote traanrook afgevuur het daar? -- Ek weet nie daarvan nie.

Toe julle nou daar verbygestap het, stel ek dit aan jou, dan moes jy ten minste die padversperrings daar gesien het? -- Daar was nie 'n padversperring gewees toe ons daar verby is nie.

En wat meer is, die polisie sê hier net na 08h00, net agter daardie garage het rook uitgeborrel en hulle kon duidelik in die lug sien dat daar trek rook in die lug in op?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is volume 69, die getuienis van Kuyter. Dit begin op bladsy 3 653 en dié dele wat ek aan hom stel gaan tot 3 655. -- Ek het nie die rook gesien nie.

En toe hulle ondersoek gaan instel het, het hulle gevind dat die paaie is daar versper en dat 'n bakkie brand. Dié deel is op bladsy 3 656. -- Ek het dit nie gesien nie.

Daar by die garage self, by daardie straat wat daar is, nie vorentoe nie, maar het daar ook 'n groep mense aangesluit by die optog?

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Die getuienis, soos ek dit lees so vlugtig was die polisie naby huise en was die motorhawe ongeveer 200 meter van hulle af.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Dus, hulle het nie by die motorhawe gestaan nie.

MNR. JACOBS : Nee, ek het gesê in die oop stuk oorkant die motorhawe in die veld daarso.

HOF : Ja, maar naby die huise?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Naby die huise en naby ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die padversperrings was nie by die motorhawe nie. As dit by hulle was, dan was dit ongeveer waar die oop stuk veld eindig.

MNR. JACOBS : Kan ek dit miskien net duidelik kry. Die pad wat julle geloop het, is hy ook daar bekend as ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ekskuus, ek het dit verkeerd. Dit lyk asof daar, volgens die getuienis twee obstruksies was. Een aan die kant by die terminus 200 meter links en een aan die kant by die motorhawe 200 meter regs.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Ek is jammer.

MNR. JACOBS : Dan wil ek miskien net iets by jou duidelik kry. Daardie pad wat julle daar geloop het, is hy ook bekend as P88? -- Ek hoor vir die eerste keer daarvan.

Ek dink u moet nog vir my 'n antwoord gegee het op die kwessie, daar by die motorhawe, die paaie wat daar aansluit by BP Garage, het daarso enige groepe aangesluit by julle optog? Ek wil hê jy moet goed verstaan. Ek praat nou nie van dié wat jy genoem het voor die plakkate omgedraai het en daardie goed nie. Ek praat van daar by BP Garage, het daar enige groepe uit 'n systraat uit gekom en aangesluit by die optog? -- Ek het hier in my getuienis gesê dat die hele pad wat die optog daar beweeg het, was daar mense gewees wat by die optog aangesluit het en aangesien hierdie voorval nou lank gelede plaasgevind het, is ek nie hier in staat om vir die hof te kan sê presies of die mense daar in daardie omgewing spesifiek aangesluit het nie.

HOF : Waar is die verwysing na die bakkie of wat ook al

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat gebrand het agter die motorhawe?

MNR. JACOBS : Dit is bladsy 3 656 en 3 657. Weet jy waar is die biersaal daar in gebied 12? -- Ja, ek weet waar dit is.

Hoe ver is daardie biersaal van hierdie BP Garage af? -- Ek skat dit ongeveer ŉ kilometer en ŉ half is die distansie.

U Edele, net op hierdie stadium, ek het gister beloof ek sal vir die hof die verwysing gee van die manier waarop die opmars opgestel is, die stelling wat ek aan hom gemaak het. Dit is in die getuienis van beskuldigde Nkopane, nr. 8. Dit is volume 171 bladsy 8 817. Ek sal dit net inlees vir die beskuldigde, dan kan hy ook hoor presies wat ek aan hom gestel het. Die vraag was gestel - ekskuus dit was die getuie. "How did the march start off from the quadrangle?" Dan kom die volgende antwoord "What happened is the following. The leaders of the march went through the gate, that is leaving the premises of the church and then called those with the placards to come immediately behind them. Then the community which was in fact forming the march, followed those that I have already mentioned as being right in the front." Ek het nog ŉ paar vrae wat ek gister gesê het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wil u kommentaar lewer daarop? -- Dit is die manier waarop hy gesien het.

U stem nie saam nie? -- Soos ek alreeds gesê het, my waarnemings was dat net voordat hulle by die hek uit was, is hulle toe daar opgestel in ŉ optog. Ek was aan die regterkant van die optog gewees. Dit was my waarnemings.

MNR. JACOBS : Hoekom is u so seker dat daar nie jong mense plakkate gedra het nie? -- Volgens my waarneming van die mense daar teenwoordig, het dit vir my duidelik geword dat

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit nie jong mense was nie, maar mense van die ouderdomme van die minderjarige mense.

HOF : Wat is ꞌn jong mens volgens u? -- Tussen 18 en 20 beskou ek daardie mense as jeug.

Dié tussen 20 en 30? -- Dit is middeljarige persone.

MNR. JACOBS : Hoeveel plakkate is daar gemaak? -- Wat ek gesien het was tussen tien en vyftien sal ek sê.

En is dit reg dat van die jong mense was daar besig - die jeug was besig met die maak van hierdie plakkate? -- Volgens my waarnemings net die middeljarige persone was daar betrokke met die skryf van die plakkate.

HOF : Na 30 is dit dan nog middeljarig? -- Wat my betref bokant die ouderdom van 35 beskou ek daardie mense as ou mense.

MNR. JACOBS : As iemand anders sou sê dat daar is ongeveer twintig plakkate geskryf en aan die jeug oorhandig na dit geskryf is, is dit verkeerd? -- Dit is volgens daardie persoon se waarnemings.

HOF : Moenie dat ons nou rondspring met ꞌn ewige gesukkel van ander mense se waarnemings nie. Volgens u, is dit korrek of verkeerd? -- Volgens my is dit nie korrek nie.

MNR. JACOBS : Jy sien, dit is die getuienis wat beskuldigde nr. 8 hier in die hof gelewer het en hy het gesê daar is twintig plakkate geskryf en dit is toe aan die jeug oorhandig. -- Hierdie voorval het lank gelede plaasgevind en ꞌn mens sal nie alles presies kan onthou wat daar gebeur het nie, maar volgens wat ek onthou, was my waarnemings dat die plakkate tussen twaalf en vyftien was.

En aan die jeug oorhandig was? -- Dit was nie deur die jeug hanteer nie. Wat my betref was dit deur middeljarige

persone/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

persone gedra.

En wat nog meer is, die jeug is vanaf die ouderdom 18 gestel deur beskuldigde nr. 8? -- Ek was nie by toe hy dit gesê het nie.

En ek wil dit aan jou stel dat hier is nog 'n groter verskil met jou getuienis, want dan was die plakkate nie daar teen die muur gesit nadat dit geskryf was nie, maar na dit geskryf was, was dit aan die jeug oorhandig? -- Volgens my waarneming na die plakkate geskryf was, was hulle teen die muur gesit en dit is hoe dit gekom het dat ek in staat was om te lees wat daarop geskryf is.

HOF : Ek het die indruk dat u gesê het dat die plakkate - dat u toe u laas gekyk het, die plakkate nog nie almal voltooi was nie. Met ander woorde, dat dit moontlik is dat u nie al die plakkate in voorbereiding gesien het nie? -- Toe hulle dit geneem het vanaf die plek waar dit neergesit was om deel te neem, dit wil sê met die opstel van die optog, het die draers daarvan by ons verby gestap. Dus was ons in staat gewees om te lees wat daar op geskryf staan.

MNR. JACOBS : O, is dit die geleentheid toe jy die plakkate se inhoud gesien het, toe hulle by julle verbygegaan het daarmee? -- Ek het vir die eerste keer daar begin lees toe dit nog teen die muur was en wat ek nie daar gesien het nie, het ek weer 'n geleentheid gehad om te sien terwyl hulle verbygegaan het.

Sê jy nou jy het al daardie plakkate gelees? - Die meeste van die plakkate sal ek sê het ek gelees.

Nie almal nie? Ons wil net duidelikheid hê. Òf jy het hulle almal gelees òf jy het hulle nie almal gelees nie? -- Volgens my het ek al die plakkate daar gelees. Dit kan

miskien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

miskien wees dat ek van die plakkate een gemis het, dat ek dit nie gelees het nie.

Beskuldigde nr. - net die vorige bewysplaas dat dit aan die jeug oorhandig is, die verwysing daar is volume 177 bladsy 9 114. Ek het nog ȟ probleem hierso met jou getuienis en dié van beskuldigde nr. 8, want hy het vir die hof vertel op ȟ stadium dat die plakkate was nie in die vierkant gemaak nie? -- Ek het hier verduidelik aan die hof dat die plakkate gemaak was voor daardie huis in die nabyheid van ȟ boom. As ȟ mens praat van die vierkant daar, dan praat ȟ mens van daardie gedeelte met die grasperk. Dit is nie wat ek gesê het nie.

Wat sê u dan? -- Ek sê hulle was voor die huis gewees langs die bome.

Laat ons dit net duidelik kry. Is daar dan ȟ huis wat jy na verwys? Wat se huis verwys jy na? -- Ek het hier op die foto aangedui watter huis ek van praat. Wat daardie huis voor gebruik word, kan ek nie sê nie, maar ek het die huis uitgewys.

Is dit ȟ woonhuis? -- Ek weet nie of dit ȟ woonhuis is nie, maar dit is ȟ struktuur van ȟ huis wat daar staan.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Die Tolk, is daar ȟ onderskeid tussen die woord gebruik vir ȟ huis en vir ȟ struktuur, ȟ gebou?

TOLK : Ja, ȟ huis sal hy beskryf in sy taal "ke ntlu ya batho" en dan sommer ȟ struktuur sal hy sê ȟ huis. Dit is wat hy gesê het. Hy het die verskil gemaak tussen die twee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Sê hy dan eintlik struktuur?

TOLK : Eintlik na die tweede vraag het hy nie gepraat van ȟ struktuur nie. Hy het net gesê dit is ȟ gewone huis.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : ȵ Ander aspek wat vir my opvallend is, jy sê daar was niemand met enige T-hemde aan in hierdie optog nie? -- Ek het niemand gesien wat dit aangehad het nie.

Die vreemde man wat nadat hy uit die kerk gekom het die mense daar toegespreek het wat ons identifiseer as Esau - uit die kerksaal uit - Raditsela, het hy nie - T-hemp aangehad nie? -- Dit is lank terug dat dit gebeur het. Ek kan nie meer so goed onthou nie. As ȵ mens praat van ȵ T-hemp, as ek reg verstaan praat u van ȵ hempie wat geskrewe is voor op die bors.

In hierdie spesifieke geval, ja, polonek? -- Nee, ek kan nie onthou dat hy so ȵ T-hemp aangehad het nie.

HOF : Hoe lyk ȵ T-hemp met ȵ polonek? Dit is ȵ nuwe soort hemp daardie.

MNR. JACOBS : Ek het gedink ȵ T-hemp het almal net die ronde kraag.

HOF : Ja, dit is ȵ ronde kraag en nie ȵ polonek nie.

MNR. JACOBS : Ek het eintlik dit verkeerd om uitgedruk.

HOF : Net om verwarring te voorkom, die vreemde man waarvan nou gepraat word, is die persoon wat eerste gepraat het nadat die mense uit die saal gekom het en na hom het beskuldigde nr. 17 gepraat. -- Ons praat van daardie persoon.

En die vraag is of hy ȵ T-hemp aangehad het? -- Ek onthou nie dat daardie persoon ȵ T-hemp aangehad het nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net vir jou hier lees wat het die verdediging gestel aan die getuie wat die staat geroep het wat bekend staan as IC.8. Dit is volume 23 op bladsy 1 110 en ek sal vir jou lees, ek begin in die helfte van die derde laaste paragraaf reël 22 "Can you tell us what Mr Raditsela was wearing on that day?"



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

<u>HOF</u> : Waarom moet u nou die hele storie aan die getuie voorlees? Maak u stelling dat dit gestel is aan 'n getuie, ons hoef nie eers te weet wie nie, dit is die posisie?

<u>MNR. JACOBS</u> : Ek stel dit aan u dan dat die persoon waarna ons verwys het wat die hof nou net vir jou verduidelik het, het'n UDF T-hempie aangehad?

<u>HOF</u> : U sê dit is gestel deur die verdediging?

<u>MNR. JACOBS</u> : Deur die verdediging aan getuie IC.8.

<u>HOF</u> : Maar dan moet u dit nie stel asof dit u getuienis is nie.

<u>MNR. JACOBS</u> : Goed, ek is jammer. Ek wil dit aan u stel dat die verdediging het aan die getuie IC.8 dit gestel dat hierdie persoon wat bekend is as mnr. Raditsela, Esau Raditsela, dat hy daardie dag 'n UDF T-hempie aangehad het? -- Ek kan nie onthou dat die onbekende persoon 'n UDF T-hemp aangehad het nie.

As jy dit nie kan onthou nie, dan wil ek dit aan u stel dat u kan nie onthou of ander mense T-hemde aangehad het nie? -- As ek dit gesien het, sou ek die persone onthou het.

Toe hierdie persoon, hierdie Esau Raditsela, wat vir jou 'n vreemdeling was, daar die mense toegespreek het, kan jy onthou dat hy daar vir die gehoor gesê het daar buitekant dat daar mense sal wees wat met die polisie sal gaan praat? -- Ja, ek onthou dat daar melding gemaak was van die polisie, maar wat hy eintlik gesê het, was dat ons sal met die polisie praat.

<u>MR BIZOS</u> : My Lord, I am sorry to interrupt my learned friend, but I cannot allow the UDF shirt to go unchallenged. I was reluctant to object because I did not have the reference

at/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

at that stage. I did not want to rely on my memory. Could I read it out in the meantime?

COURT : Yes.

MR BIZOS : "There are a number of details that I want to put to you in respect of which your evidence is going to be denied. Can you tell us what Mr Raditsela was wearing on that day?" His answer "An Afro shirt." "Well, I do not know what may turn on this, but it will be said that he was actually wearing a UDF shirt, a UDF T-shirt and a black jacket over it." It is at the bottom of the page.

MNR. JACOBS : Dit is nog hy het die UDF T-shirt aangehad.

HOF : Maar nou moet u darem onthou dat die moue nie sigbaar is van die T-hemp nie en ons weet ook nie tot watter mate die voorkant sigbaar is as daar 'n baadjie oor is nie. As u die ding stel, moet u dit korrek stel.

MNR. JACOBS : Ek wou dit gelees het. U sal onthou ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nie net die helfte nie. Gaan nou maar terug na die getuie en stel die ding korrek.

MNR. JACOBS : Ek sal vir jou die hele stuk lees soos mnr. Bizos dit nou uitgelees het. Die eerste was gevra "Can you tell us what Mr Raditsela was wearing on that day?" Die antwoord was "An Afro shirt." Toe was die voglende vraag gestel aan die getuie "Well, I do not know what may turn on this, but it will be said that he was actually wearing a UDF shirt, a UDF T-shirt and a black jacket over it." Enige kommentaar wat u wil lewer daar op? -- As die persoon 'n baadjie bo-oor hierdie T-hemp van UDF aangehad het, dan is dit nie moontlik vir 'n persoon om te sien of dit nou 'n UDF T-hemp was of wat die persoon aan het onder die baadjie

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

HOF : Het die persoon ŉ swart baadjie gedra? -- Ek kan nie meer onthou of hy die baadjie aangehad het nie.

Kan u miskien onthou of hy ŉ "Afro shirt" soos dit genoem is, aangehad het? -- Dit is lank terug. Ek kan net nie met sekerheid sê ek onthou wat hy aangehad het nie.

Hoe lyk ŉ "Afro shirt"? -- Ek is nie ŉ persoon wat op hoogte is met die beskrywing van hierdie snaakse klere wat mense dra nie. My gewoonte is om net die gewone hemde aan te trek, soos hierdie een wat ek aan het. Dit is die tipe hemde wat ek ken.

Vir rekorddoeleindes, dit is nie ŉ "Afro shirt" nie.

MNR. JACOBS : Jy het vir ons gesê wat die persoon gesê het dat hulle, die leiers, sal met die polisie praat. Was die leiers op daardie vergadering daar buitekant gekies of aangewys? -- Daar was geen verkiesings gehou daar buite nie. Eintlik was daar hierdie dag geen verkiesings gewees nie. Al wat gedoen was daar, was om die mense te sê hoe hulle moet loop, wat se dissipline behou moet word. Dit is al.

Was die indruk wat u gehad het dat die leiers van die optog was alreeds voor die tyd gekies gewees? -- Ek het aangeneem dat hulle nou bekend was wie hulle is, want hulle sou die persone gewees het wat die reëlings getref het vir wat daar gedoen was.

En was dit ook, die leiers wat ons nou van praat, die leiers wat voor aan die optog sou loop wat ons bedoel hier? -- Ek dink so, ja.

Was daar leiers wat ander mense daar aangewys het wat voor die optog sou loop? --Ek vermoed so, ja. Ek weet nie. Hoekom ek so sê is, hulle kan nie met die polisie praat

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as hulle agter was nie. Die mense wat met die polisie praat behoort heel voor te wees.

Is daar gesê wat gedoen sou word deur die leiers as die polisie sou sê die optog kan nie verder gaan nie? -- Al wat gesê was, is dat hulle met die polisie sal praat en niks meer as dit was gesê nie.

As iemand getuig het in hierdie hof dat hulle sal by die polisie pleit en as die polisie nog weier, sal hierdie opmars uiteen gaan, is dit nie die waarheid nie? -- Miskien het hulle dit bespreek alleen waar hulle was, maar ek het dit nie gehoor daar waar ek teenwoordig was nie.

Ek stel dit net aan jou, dit was die getuienis van beskuldigde nr. 8 in hierdie hof gewees.

HOF : Wat is die bewysplek?

MNR. JACOBS : Volume 171 bladsy 8 815. Het jy enige kommentaar daarop te lewer? -- Ek sê dalk het hulle daarvan gepraat waar hulle bymekaar uiteen gekom het, maar waar ek teenwoordig was, was dit nie gesê nie.

Wat het jy gedink wat sou gebeur as die polisie sê julle kan nie met die optog voortgaan na Houtkop nie en wat gaan dan gebeur? -- Volgens my, as die polisie dit sê, sou ons maar uiteen gegaan het, byvoorbeeld ek sou huis toe gegaan het.

Was daar van die mense in die optog wat nat lappe by hulle gehad het? -- Ek het niemand gesien wat 'n nat lap gehad het nie.

Het hulle nie daar by die kraan sakdoeke en lappe en sulke goed nat gemaak nie? -- Ek het dit nie gesien nie.

Dit is deur die verdediging gestel aan getuies van die staat dat Esau Raditsela, hierdie vreemdeling wat nou daar

uit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uit die kerk gekom het en gepraat het, uit die kerksaal uitgekom het en gepraat het, dat hy gesê het mense moet nat lappe vat - lappe nat maak, dat as die polisie traanrook gooi, dat hulle hulle self kan beskerm daarmee. Ek het twee verwysings vir die hof. -- Nie waar ek teenwoordig was nie. Dit was nie gesê nie.

Dit was gestel aan IC.8 in volume 21 bladsy 1 000 en toe was dit ook weer gestel aan Mahlatsi in volume 43 bladsy - dit begin onder aan bladsy 2 086 tot oor na bladsy 2 087. U sien, dit is so dat dit daar gesê is, want julle het geweet - ek stel dit aan u julle het geweet hierdie optog gaan daarso in botsing kom met die polisie een of ander tyd. -- Maar toe dit bespreek was, was ek nie by nie.

Maar u kan dit nie vir die hof sê nie, want dit was, volgens die getuienis, bespreek nadat hy uit die kerk gekom het en die mense toegespreek het daar?

HOF : Is die toespraak soos dit hier gestel is binne of buite gelewer?

MNR. JACOBS : Op ŉ stadium was dit gestel dat wat binne gesê is, is ook buite gesê.

HOF : Buite herhaal?

MNR. JACOBS : Ja. -- Ek het nie gehoor dat daardie woorde daar gesê is nie. Ek het hier vir die hof verduidelik wat die mense gesê het wat ek gehoor het.

Maar jy verduidelik ook vir die hof dit is so lank terug, jy kan nie meer alles onthou nie? -- Ek onthou nog van dinge wat ek daar gesien het en wat ek gehoor het, maar daar is van die dinge wat my heeltemal ontgaan het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MAKALO NATHANIEL MAPHALLA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kan u vir die hof sê was die optog al aan die gang om 09h00 gewees? -- Die optog het begin om 09h00. Dit wil sê weggetrek van die Roomse Kerk af.

Hoe weet jy dit so goed? -- Ek sê ek dink amper so.

HOF : Was die optog bepaal vir 09h00? -- Ek kan nie meer so goed onthou wat die tyd was wat bepaal is vir die optog om te vertrek nie, maar ek skat dit was ongeveer 08h45. Ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : Nadat die optog vertrek het en regs gedraai het by die kerk in die teerstraat, dan is gebied 7 voor julle. Die rigting waarna julle dan kyk, is in die rigting van gebied 7? -- Ja, na ons regs gedraai het in die teerpad, is gebied 7 voor ons.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Ek was onder die indruk dat die eerste stukkie, dit is die deel waar - die deel net oorkant die grondstraat van die kerk af gebied 8 was. Dat gebied 7 'n bietjie verder lê? -- Nee, dit is nie so nie.

Waar lê gebied 8? -- Net uit die hek van die kerkperseel voor jou is gebied 8.

MNR. JACOBS : Ons het getuienis daar in gebied 7 en nie baie ver van die kerk af nie, is die huis van mnr. Mkhiwane? -- Nie ver van watter kerk af nie?

Waar julle vertrek het? -- Daardie kerk is ver van gebied 7 af.

Het julle dan aan die kant van gebied 8 verby geloop?

HOF : Gebied 8 het drie kante. Watter kant? Het julle met die teerstraat aangestap en dan was gebied 8 aan julle

regterkant/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

egterkant? -- Dit is so.

En toe kom julle by die ou kommissarisgebou en julle draai regs? -- Dit is so.

Toe loop julle met Vilakazistraat af suid? -- ja.

MNR. JACOBS : En waar julle daar regs gedraai het, het julle tussen gebiede 7 en 8 deur geloop? -- Dit is so.

Ons het die getuienis dat die huis van Mkhiwane was tussen 08h00 en 09h00 reeds aan die brand gewees? -- Ek weet nie watter een is die huis, waar die huis geleë is nie. Ek ken hom nie eers nie.

En ook dat daardie Teachers Training College het al gebrand tussen daardie tyd? -- Indien dit korrek is, sou ek dit gesien het as daardie onderwyskollege aan die brand was.

Want as 'n huis brand, stem jy saam, dit veroorsaak digte hoë rookkolomme? -- Ja, ek stem saam.

Dan wil ek dit aan jou stel, dan moes julle terwyl julle daar geloop het na die punt waar julle regs sou draai om in te draai tussen gebiede 8 en 7, dan moes jy die rook gesien het in die lug? -- Indien die huis aan die brand was, sou ek daardie rook gesien het, ja.

Hoekom het jy dit nie gesien nie? -- Omdat daar geen rook was daardie tyd wat ek daar was nie.

Toe julle daar by BP Garage gekom het en daar naby die busstop, hoekom het jy nie die padversperrings wat daar was gesien nie?

HOF : Watter busstop?

MNR. JACOBS : Die busstop in die nabyheid van die BP Garage. -- Die rede hoekom ek dit nie gesien het nie, is omdat dit nie daar was nie.

Jy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Jy sê dit was nie daar nie? -- Ek sê dit was nie daar nie.

MR BIZOS : The evidence speaks of a bus terminus.

COURT : That is why I asked. Dit is ŉ busterminus wat 200 meter suid/wes is met Wessels Mothastraat vanaf die punt waar die polisie gestaan het.

MNR. JACOBS : In die omgewing van daardie busterminus, het jy enige padversperrings daar gesien?

HOF : Die busterminus se naam is Fowler? -- Ja, ek verstaan dit.

MNR. JACOBS : Kan jy verduidelik hoekom jy nie padversperrings daar gesien het nie? -- Omdat dit nie daar was nie.

Dan het ons getuienis gehad in hierdie hof dat daarso by die, wat ons genoem het die interseksie waar julle effens na regs geswenk het en waar jy gesê het die mense van voor was, dat net ander kant daardie punt in die woongebied daar, in gebied 11, het daar ŉ digte rookwalm opgegaan waar Caeser Motjeane se huis aan die brand was? -- Ek het nie so ŉ rook gesien nie. Miskien as ek rook daar gesien het, sou dit miskien rook gewees het wat veroorsaak was deur mense wat vullis daar in ŉ vullishoop maak en dan vuur maak daar.

HOF : Het u sulke rook gesien? -- Ek onthou nie meer dat ek so ŉ rook gesien het nie.

MNR. JACOBS : Kan jy nou verklaar hoekom jy die persoon is wat nie daardie rook gesien het nie, want die ander mense het dit gesien? -- Ek sê as dit miskien so is dat daar rook was daar, dan het ek dit aangeneem dit is die tipe rook wat veroorsaak is soos ek nou net beskryf het.

HOF : Dit is van vullis? -- Ja.

MNR. JACOBS : En ek wil dit aan jou stel, die rook wat

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar was was die rook van Caeser Motjeane se huis wat gebrand het daardie tyd? -- Ek hoor dit van u af.

Ek wil dit aan jou stel dit is nie net wat ek sê nie, dit is wat die getuies in hierdie hof gesê het? -- Dit is hoe hulle gesien het.

En dat daar by die poskantoor, wou mense by die poskantoor - uit die optog gegaan om die poskantoor te gaan beskadig en hulle was gekeer deur onder andere een van die beskuldigdes?

MR BIZOS : The putting is not entirely correct. What Mr Jacobs has done, is that he has taken a bit of the state witness's evidence and a bit of accused no. 2's evidence and put it together and made a conglomerate which may suit the state case, but those are not the facts as put.

HOF : In Engels sou ŉ mens dit noem ŉ "trifle pudding". Dit is nie soos ons werk nie. U moet dit reg stel.

MNR. JACOBS : Ek stel dit dat daar was ŉ poging aangewend om die poskantoor te beskadig en dat die mense gekeer was om dit nie te doen nie? -- Ek het nie daardie gebeure gesien nie.

As ek dan na jou so luister, dan lyk dit vir my alles was rustig en kalm gewees daardie hele tyd vandat julle van die kerk af gee pad het - nee, wag, laat ek dit nog vroeër stel, vroeër die oggend voordat julle by die kerk uitgekom het, was alles rustig en kalm in daardie woonbuurt. Daar het niks gebeur nie? -- Ja, alles was rustig gewees.

En nadat julle die kerk verlaat het in die optog het alles rustig en kalm verloop en was daar niks snaaks in daardie woonbuurt hoegenaamd nie? -- Ja, dit was normaal gewees volgens my waarneming.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En die busse het normaal geloop daar in die strate en alles was normaal? -- Daar was geen busse gewees van die môre af nie.

HOF : Van hoe vroeg af? -- Om 06h00 toe ek opgestaan het het ek daarvan bewus geword dat daar geen busse was nie.

MNR. JACOBS : Hoe het jy daarvan bewus geword? -- Ek het gekyk, want my woning is naby die busroete. Ek het gekyk en daar was geen busse wat daar beweeg het nie.

HOF : Die oggend, die busroete wat u van praat, is dit die busroete in Vilakazistraat? -- Ja, dit is Vilakazistraat.

In die oggend vroeg loop die busse heen en weer daar of loop hulle van een kant waar hulle mense vol maak tot ander kant en ry dan deur na Vereeniging, Vanderbijlpark ensovoorts? -- Die busse ry heen en weer op daardie roete.

Die leë busse kom van watter rigting en die vol busse kom van watter rigting in die oggend? -- Dit is baie enkel dat 'n leë bus daar verbygaan, want die een wat in die teenoorgestelde rigting as die ander een, is vol. In die sin dat die een neem die werkers na Meyerton, een neem die werkers na Vanderbijlpark en Vereeniging toe. So, die busse wat daar by my verbygaan is altyd vol passasiers.

Na weerskante toe. Na die suide en na die noorde toe? -- Ja.

En Vilakazistraat is 'n baie besige straat wat die busse betref? -- Ja, dit is 'n besige pad.

MNR. JACOBS : Begin die busse gewoonlik 06h00 loop? -- Nee.

Hoe laat? -- Om 04h00 ry die busse al.

Hoekom het jy nou spesiaal gekyk daardie betrokke oggend van die 3de of daar busse loop? -- Dit is 'n besige pad

daardie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daardie. As die busse daar verby ry, dan maak die busse 'n geraas. So, as daar nie 'n geraas is nie, sal 'n mens natuurlik onmiddellik daarvan bewus word dat daar vandag nie 'n geraas is nie.

Hoekom het jy gaan kyk? Dit is wat ek vir jou vra? -- Ek het nie gaan kyk. As ek by my huis staan en kyk, kan ek daardie pad sien. Dit is naby my huis.

So, jy het dus nie gekyk of daar busse loop of nie?

HOF : Die vraag is of hy gaan kyk het en of hy gekyk het. U is besig om hom te vra of hy gaan kyk het en nou vra u hom of hy gekyk het. 'n Mens kan kyk sonder om te gaan kyk.

MNR. JACOBS : Laat ek dit liewers so aan jou vra. Het jy spesifiek gekyk in daardie pad of daar busse loop? Gekyk met die oog? -- As jy nou hoor dat daar geen geraas is vandag nie, dan kyk jy, want gewoonlik in die môre as ons opstaan is daar 'n geraas van hierdie busse.

Ek weet nie of jou kyk nou bedoel kyk met die oor of kyk met die oog nie? -- Ek kyk met die oë en hoor met die ore.

So, het jy gekyk spesifiek ... (Hof kom tussenbei)

HOF : En loop met die voete? -- Presies.

MNR. JACOBS : Het jy uit jou huis uit gegaan om te gaan kyk of daar busse loop die oggend vroeg? -- Volgens my gewoonte, 'n mens as hy opstaan in die môre by sy huis gaan hy uit om rondom die huis te gaan kyk of daar iets verkeerd is met die huis, wat plaasgevind het in die nag.

Is dit jou antwoord nou? -- Ja, dit is my antwoord dat dit die gewoonte is van ons Sotho's.

En as ek jou getuienis dan net verder kan opsom, dan sê jy julle het nou rustig geloop, dit was 'n rustige oggend in 'n rustige omgewing en toe ewe skielik keer die polisie

julle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

julle voor en skiet sommer op julle? -- Wat ek sê is, ons het rustig geloop, normaal en ek het niks melding gemaak daarvan dat die polisie ons voorgekeer het en hoe hulle dit gedoen het nie.

Hoe het die polisie julle voorgekeer? -- Die polisie staan daar voor. Hoe hulle daar gekom het, weet ek nie.

Laat ek dit dan kry, hoe het hulle gestaan? Wat het jy opgemerk? Polisiemanne of polisievoertuie of wat? -- Ek het die polisievoertuie naamlik hippo's gesien wat dwars in die pad gestaan het.

Het hierdie leiers van die optog toe na die polisie toe gegaan om met hulle te praat soos julle gereël het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Het enige mense van die "marshalls" wat daar by julle diens gedoen het of agter julle diens gedoen het, vinnig by julle verby gekom waar jy was om na die voorpunt te gaan? -- Ek het hulle nie gesien nie.

Die vreemde man wat ons nou ken as Esau Raditsela wat daardie toespraak gelewer het dan, het hy miskien daar verby gekom van agter af om na die voorpunt toe te gaan? -- Ek het hom nie gesien nie.

Het ek jou getuienis reg verstaan dat hierdie optog het heeltemal tot stilstand gekom daar? -- Dit het eers begin om stadig te beweeg, die pas. Dit het stadig beweeg tot op 'n stadium waar ons tot stilstand gekom het.

Het die hele mars tot stilstand gekom, die hele optog? -- Ek weet nie wat gebeur het agter my nie. Dit wil sê heel agter nie, maar tot by die punt waar ek was, was daar 'n stadium gewees waar die optog tot stilstand gekom het.

Van voor tot waar jy was? -- Ja.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En vir hoe lank het hy so gestaan? -- Dit was vir ŉ oomblikkie, nie langer as ŉ minuut nie, volgens my waarneming.

En toe, na die minuut, het dit toe weer begin beweeg? -- Daar was toe ŉ geklap gewees of ŉ geraas van ŉ vuurwapen.

Jy sien mnr. Nkopane, beskuldigde nr. 8, het vir die hof gesê dat daardie opmars het nie tot stilstand gekom nie? -- Miskien daar waar hy was, het hierdie optog nie tot stilstand gekom nie.

Ek neem aan julle was almal in dieselfde optog? -- Ja, ons was in dieselfde optog gewees.

Want hy het ook vir die hof gesê daar was nie ŉ rede hoekom hulle tot stilstand moes kom nie? -- Ek het opgemerk dat die optog op ŉ stadium stadig beweeg het tot die optog tot stilstand gekom het.

Waar jy was in die optog, wil ek dit aan jou stel jy kon nie eers gehoor het wat daar voor gesê of gedoen word by die voorpunt van die optog nie? -- Ek sou glad nie gehoor het wat daar gesê word nie.

Want dit was vir my opmerklik dat jy gister vir die hof in jou getuienis gesê het dat die polisie het niks gesê van dat die mense moet uitmekaar gaan of iets van die aard nie?

MR BIZOS : His evidence was that he did not hear.

HOF : Ek het ook die indruk dat die getuienis is dat hy nie gehoor het dat dit gesê is nie.

MNR. JACOBS : Net hierdie bewysplek waar dit is dat die optog nie tot stilstand gekom het nie, is in volume 178 bladsy 9 150. Ek wil dit aan u stel - ek gaan dit aan die hof argumenteer dat jou getuienis dat alles so rustig was in daardie gebied in Sebokeng, vanaf waar die opmars

begin/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

begin het en die roete waardeur dit gegaan het, vroeg daardie oggend, gedurende die tyd van die opmars en daarna was daarso baie onrus en voorvalle in daardie woongebied? -- Ek het niks van die onrus gesien nie.

En dat jy vir die hof nie heeltemal die waarheid vertel nie, want toe julle daar by die aansluiting gekom het waar die pad effens na regs gegaan het, is daar mense uit hierdie optog uit in daardie steeg na Caeser Motjeane se huis toe ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nou moet u darem net vir die getuie sê toe wie daar gekom het? U sê toe julle. Julle is van anderkant BP Garage tot voor by die draai in die pad.

MNR. JACOBS : Toe die optog daar gekom het, is die mense daar in die steeg in van die voorpunt van die optog waar 'n aanval geloods is op die huis van Caeser Motjeane? -- Dit het ek nie gesien plaasvind nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat daar was padversperrings op daardie betrokke pad wat julle geloop het die dag op die stadium terwyl die optog beweeg het? -- Ek het geen versperrings gesien nie.

Ek wil dit ook aan jou stel dat naby die kerk, die Roomse Kerk vanwaar julle vertrek het was ook padversperrings? -- Dit het ek alles nie gesien nie.

Beteken dit as jy sê jy het dit nie gesien nie, dat jy kan dit nie betwis dat dit wel die geval is nie, omdat jy dit nie gesien het nie? -- Daarmee bedoel ek op al die paaie wat ek was in hierdie optog was daar geen padversperrings gewees nie.

En ek wil dit ook aan jou stel dat terwyl die optog beweeg het vanaf die kerk tot waar dit regs gedraai het

tussen/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

tussen gebiede 7 en 8 het die huis van Mkhiwane gebrand en die Teachers Training College en dat jy moes dit ook gesien het en al die mense in die optog moes dit gesien het? -- Ek het dit nie gesien nie, omdat dit nie gebeur het nie.

En dan wil ek dit ook aan u stel dat te alle tye was die mense in hierdie optog bewus daarvan dat daar gaan konfrontasie kom met die polisie en was voorbereid daarop met nat lappe en gewaarsku om nat lappe te dra teen traanrook? -- Van die mense wat onmiddellik naby my was, wat saam met my daar gestap het, het ek geen een van hulle gesien wat 'n nat lap gehad het nie.

Verder wil ek dit aan u stel dat die mense wat daar voor toe jy sê by die plek waar julle regs gedraai het - 'n warboel daar veroorsaak het en dat die opmars daarso stadiger beweeg het, was mense wat uit die steeg gekom het waar die aanval teen Caeser Motjeane se huis vroeër al begin het deur ander mense wat by julle groep aangesluit het? -- Ek hoor dit vandag vir die eerste keer van u.

Is dit reg, jy het nie gesien uit watter rigting of van waar die mense wat na bewering daar voor was sou gekom het nie? -- Soos ek alreeds gesê het, mense kom van verskillende rigtings af. Die mense het ek nie gesien van watter rigting hulle gekom het nie.

Is dit reg dat die gevoelens oor die algemeen toe julle vertrek het van die kerk af en die optog begin het, was baie sterk teen die raadslede wat die oorsaak was of beskuldig was as die oorsaak van die griewe van die mense? -- Toe ons daar vertrek het, was niks gesê oor die raadslede nie. Al wat gesê was is dat ons op pad is na Houtkop toe.

En almal het, in die optog, toe julle daar vertrek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het, geweet dit is weens die ontevredenheid oor die verhoogde huur en die raadslede? -- Wat hierdie dag goed bekend was, was oor die verhoging in die huur, wat veroorsaak het dat na Houtkop toe gegaan moet word. Dat dit die raadslede ook betrek het omdat die huur verhoog is, is dit ŉ tweede feit wat bygereken kan word, want selfs voor hierdie dag was dit bekend gewees dat die huur verhoor is en dat die raadslede ŉ rol daarin gespeel het.

En is dit reg dat algemeen daar in daardie verhoor was die raadslede beskou as "puppets" en mense wat moet bedank, wat moet uit die raad uit? -- Ja, dit is reg. So ŉ woord was gesê.

En dat hulle ook moet bedank? -- Ja.

Was daar gesê dat daar eintlik ontslae geraak moet word van die raadslede? -- Nee, daardie een was nie daar gebesig nie.

En was daar ook plakkate opgesit dat die raadslede is nie aanvaarbaar vir die mense nie? -- Nee, daardie een het ek nie gesien nie.

Ek wil dit ook aan u stel dat u nie vir die hof kan sê - of laat ek dit so stel, as ek u getuienis in hoof kan onthou kan u glad nie behalwe in net twee, dat daar "Asina mali" en nog een, verder kan u nie onthou wat het op daardie plakkate gestaan nie of u wil nie vir die hof sê wat het daarop gestaan nie? -- Hierdie twee kan ek onthou, want dit is wat gesê word "Harena Tjelete".

<u>HOF</u> : "Harena tjelete", is dit een of is dit twee? -- Dit is twee woorde wat eintlik beteken "We do not have money."

"Harena" is die een woord en "tjelete" is die ander woord? -- Ja.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Die slagspreuke wat u nou genoem het "Harena tjelete" en "Asina mali", is dit alles op een plakkat gesit? -- Dit was twee verskillende plakkate gewees.

HOF : Op een plakkaat is "Asina mali" en op die ander plakkaat is "Harena tjelete"? Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

MNR. JACOBS : Kom ons neem die "Asina mali" plakkaat, is dit al wat op daardie plakkaat gestaan het, net "Asina mali"? -- Ja, dit is al wat daar geskryf was.

En die ander een van "Harena tjelete", is dit al wat op hom geskryf was? -- Dit was ook net so geskryf "Harena tjelete".

Is dit al twee wat jy kan onthou? -- Daar was toe een gewees wat in ŉ amptelike taal geskryf gestaan het "Away with high rents".

Was dit al wat op daardie een geskryf was? -- Ja.

Was daar enige plakkate om die mense in die opmars se ontevredenheid met die raadslede self uit te druk of kan jy dit nie onthou nie? -- Ek onthou nie dat daar so ŉ plakkaat was nie.

HOF : Bedoel u dat u geheue nie goed is nie of bedoel u u het nie een gesien nie? -- Dat ek dit nie gesien het nie. Dit was nie daar nie.

MNR. JACOBS : Kan jy enigiets onthou van plakkate wat miskien gesê het dat nie huur betaal sal word of sou word nie? -- Ek onthou nie.

Kan ek net duidelikheid kry, as jy sê jy onthou nie, sê jy dit was nie daar nie of jy kan nie onthou nie? -- Ek sê ek onthou nie in die sin dat indien dit daar was, het ek dit vergeet.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar enige plakkate wat verwys het daarna dat die raadslede moet bedank? -- Ek kan nie onthou of daar so 'n plakkaat was nie.

Kan u onthou of daar enige plakkate was met die naam van die burgemeester, mnr. Mahlatsi daarop? -- Nee, dit was nie daar nie.

Ek wil net ten laaste vir jou stel toe Esau Raditsela daar by die kerk die mense toegespreek het, het hy ook gesê dat die optog sal ook na raadslede toe gaan? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

En dat mnr. Raditsela, die vreemdeling vir jou, het posisie ingeneem aan die voorpunt van daardie optog as een van die leiers van daardie optog? -- Ek weet nie waar hy posisie ingeneem het in die optog nie.

En op daardie stadium was hy die leier van VCA gewees, die mense wat daardie optog gereël het? -- Ek hoor dit van u vir die eerste keer.

Jy het dan gehoor van VCA. Het jy nie gehoor wie is sy leiers nie? -- Nee, ek het nie daaroor gevra nie.

En dat beskuldigde nr. 17 was ook een van die mense wat aan die voorpunt van die optog stelling ingeneem het? -- Ek hoor dit vir die eerste keer.

Waar het hy stelling ingeneem? -- Die laaste wat ek van hom weet daar is toe hy met ons daar gepraat het en gesê het dat ons stadig moet loop, want daar is ouerige mense betrokke daar.

Ken jy ene eerwaarde Mahlatsi? -- Ek ken hom nie.

Dankie, U Edele.

RE-EXAMINATION/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS: You were asked about the times when you arrived at the quadrangle of the church, when you saw the door open, when the people went in and when the people came out. Now can you remember the precise times when these things happened? -- My estimation is that when we left there it was at 09h00.

But can you say with any degree of certainty what the other times were? -- Yes I can.

Exactly? -- I can estimate more or less what the time was.

Yes, were the times that you gave estimates? -- Yes most of the times that are referred to.

Yes. Now you have already told us that no one advocated violence when the speeches were made in the quadrangle of the church? -- Yes I agree with you.

And you also told His Lordship that you would not have joined the march if there was any such call? -- That is so.

If you had seen any placard advocating violence would you have joined the march?

COURT: Why do you lead up to this question? Why do you not merely ask the question had you seen a placard would you have joined the march, yes or no? Why do you lead up with a lot of questions that sort of suggest a typical answer? Why was it necessary to tell him what he stated in evidence-in-chief?

MR BIZOS: Because one must put it in context, with respect.

COURT: Why? Why do you not ask him had you seen a placard with, telling us or telling the viewers "Kill Mahlatsi and Brothers" would you have joined the march?

MR BIZOS: On reflection I must agree with Your Lordship that I should perhaps have done it that way. Would you

have/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

have joined the march if you had seen any such placard advocating violence? -- No I would not have joined the march.

I have no further questions My Lord.

MNR. JACOBS : U Edele, mag ek verlof vra, ek het probeer om voordat ek klaar maak 'n bewysstuk in die hande te kry wat net by die hof was. Mag ek oor een aspek vra, dit is oor die plakkate en dit miskien net aan die getuie toon. Voordat die hof miskien self enige vrae het, dan is dit ook voor die hof.

HOF : Ja.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die plakkate wat gemaak was daar, was dit op kartonne gewees, hierdie kartondose wat geskeur was of was die plakkate gemaak van groot kartonblokke wat 'n mens kry waarop 'n mens gewoonlik skryf?

HOF : Dit is nie duidelik nie. Wat is 'n groot kartonblok waarop 'n mens skryf?

MNR. JACOBS : Laat ek dit so stel, 'n kartonblok wat klaar gesny is in 'n vierkant of in 'n vorm of was dit 'n kartondoos wat net stukkend gesny was om dit dan plat te kry om op te skryf? -- As ek reg onthou was dit geskryf op gewone geskeurde kartondose se stukke.

Dan wil ek net die bewysstuk aan jou toon. Dit is AAO. Ek sien u s'n was ook gemerk AAQ, maar eintlik was die bewysstuknommer AAO en dit is ook hoekom ons hom nie betwyds kan kry nie.

HOF : Is die bewysstuk verkeerd gemerk?

MNR. JACOBS : So het ons dit. Volgens my lys. Agter op is hy reg gemerk, maar aan die voorkant.

HOF : Ja, dit is korrek, dit is AAO. Die bewysstuk is

verkeerd/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verkeerd gemerk. Agter op is hy korrek gemerk en voor op verkeerd.

MNR. JACOBS : Ek wil net vra dat die bewysstuk aan die getuie getoon word, dan kan u vir my sê is dit een van daardie kartonplakkate wat daar by die kerk gemaak was? -- Nee, dit is nie die een nie.

Was die kartonne wat daar by die kerk geskeur was ook soos daardie een geskeur? -- Ja, soos hierdie een geskeur.

En was die skrywery ook gedoen op daardie plakkate by die kerk soos op hierdie een hier? -- Nee, nie op hierdie manier nie.

Op watter manier was hulle geskryf? -- Dit was soos volg geskryf. Een plakkaat was geskryf "Asina mali" en dan die tweede een geskryf "Harena tjelete".

Maar die letters wat gemaak was, was dit dieselfde soort letters? -- Ja, dit was met ŉ pen geskryf in dieselfde manier, ssoos ek dit hier sien.

HOF : ŉ Pen of ŉ koki? -- Ek weet nie wat die verskil is nie,

ŉ Pen wat so dik skryf? -- Ek weet nie of dit die soort van ŉ pen was nie.

FURTHER RE - EXAMINATION BY MR BIZOS : No questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Mnr. Maphalla, u het getuig dat u destyds R65,00 per week verdien het by PG Glass? -- Dit is wat ek sê.

Dit was in September 1984? -- Ja.

En dat u toe R50,50 huur betaal het? -- Ja, dit is so.

Hoe lank het u by PG Glass gewerk op daardie stadium? -- As ek reg onthou was dit ôf net ŉ jaar ôf net voor ŉ jaar, maar dit was nie langer as ŉ jaar nie.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, u het nog net begin daar? -- Ja.

Teen watter salaris het u begin by PG Glass? -- R50,00-

HOF : Per week? -- Ja.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat verdien u op die oomblik? -- Ek verdien nou R120,00.

Per week? -- Ja.

Kry u gereeld salarisverhogings? -- Ja, elke jaar, een maal in 'n jaar. Eintlik nie net een keer per jaar nie. Partykeer in 'n ander jaar dan kry jy twee maal in 'n jaar verhoging.

U het gehoor van die, kom ons noem dit die huurprotes? -- Ja.

En u het toe besluit dat u gaan deelneem aan die optog? -- Dit is so, ja.

Die besluit was dat die verhoging van R5,90 nie betaal moet word nie? -- Ja, dat dit nie betaal word nie, want dit het vir ons moeilikheid veroorsaak. Ons kon nie daarin slaag om dit te betaal nie.

U het getuig dat u het van daardie dag af nog nie weer huur betaal nie? -- Dit is wat ek gesê het, ja.

Was daar 'n verdere besluit? -- Ek volg nou nie die vraag nie.

Die besluit wat u van vertel het so ver was die besluit om nie die verhoogde huur te betaal nie? -- Ja.

Maar u sê u het nie weer huur betaal nie. Ek vra of daar 'n verdere besluit was om nie huur te betaal nie? -- Na die onluste voorvalle het dit toe bekend geword dat 'n woord gesê het dat die huur nie betaal moet word nie tot tyd en wyl dit verminder is.

Waar kom die woord vandaan? -- Ons het orals in die

woonbuurt/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woonbuurt gehoor dat daarvan gepraat word.

HOF : Dat daar van gepraat word dat wie dit sê? -- Nee, hulle sê nie wie sê so nie. Tot vandag toe praat hulle van daardie woord, maar dit word net nie genoem van wie dit gekm het nie.

En jy vra ook nie? -- Van die mense by wie ek probeer vra het, het niemand geweet nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u op enige stadium probeer om huur te betaal? -- Wanneer nou?

Van Septembermaand tot nou toe? Dit is in 1984? -- Nee, ek het nog nie probeer nie.

Het u enige voorsiening gemaak om huur te betaal as dit betaal word? -- Ja, as daar gesê word nou duidelik dat dit betaal moet word, sal ek in staat wees om dit te betaal.

Sal jy in staat wees om dit te betaal? -- Ek het nie die geld in my hande nou wat ek kan gebruik om te betaal nie, maar ek sal probeer om te betaal net soos ek al vantevore probeer het om tot op datum te betaal.

HOF : Maar ek wil nou duidelikheid hê oor hierdie ding. U het nie fondse om al die agterstalliges te betaal as dit nou betaalbaar sou wees nie? -- Nee, ek het nie geld nie.

Nou hoe gaan u betaal? -- Ek sal probeer om elke keer as ek geld kry vir my loon, te gaan betaal.

Hoeveel is die agterstalliges? -- Ek weet nie. ŉ Ander ding wat my pla is, ek het daardie plek gekoop, maar ek betaal presies dieselfde as die mense wat nie daardie huise wat hulle bewoon gekoop het nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u die plek gekoop? -- Ja.

Wanneer? -- In 1976.

Vir watter prys? -- R1 500,00.

Het u dit in kontant betaal? -- Ek het ŉ deposito

betaal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

betaal. Die ooreenkoms is dat ek elke maand ŉ sekere bedrag moet inbetaal op die balans.

Kry u state om te sê hoe ver u afbetaal het? -- Nee, ek kry dit nie.

Het u al probeer uitvind hoeveel u nog skuld? -- Ek het probeer.

En toe? -- Waarop hulle vir my gesê het my kantoor sorteer nou onder Evaton.

Het u daar probeer vasstel? -- Ja, ek was daar, waar hulle my teruggestuur het na die ander kantoor toe.

Is u bewus daarvan dat as ŉ mens ŉ ding koop of liewer, kom ons stel dit so, as ŉ mens ŉ huis koop, dat jy dan soms meer moet betaal per maand as wat jy sou betaal het as jy die huis huur? -- Dit was aan my verduidelik en duidelik gemaak hoeveel ek sal moet betaal as afbetaling daar, alles ingesluit. Maar later toe ek gaan betaal het, het hulle my van ŉ ander bedrag gesê.

En dit neem ŉ tyd om so ŉ ding af te betaal, want ŉ mens moet kapitaal afbetaal en jy moet rente betaal op die kapitaal? -- Nee, maar dit was nie aan my so verduidelik nie.

U moet miskien iemand kry om vir u te verduidelik wat is u regte is as ŉ eienaar en hoe ŉ verband afbetaal word. Ek glo nie dit is die plek of die tyd om dit nou aan u te probeer verduidelik nie.

HOF : In 1976 was daar toe elektrisiteit in u huis? -- Ja, dit was eintlik in daardie jaar wat die krag geïnstalleer is.

Na u gekoop het? -- Tydens my koop van hierdie plek, was die krag alreeds in die huis gewees.

En water? -- Dit was alreeds daar.

Spoel riool? -- Dit was daar gewees. U moet verstaan

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek het eers in daardie huis ingetrek in die jaar 1969 en vir ŉ rukkie daar gebly. Toe ek dit gekoop het, was ek alreeds in die huis gewees vir ŉ tydjie.

Hoeveel kinders het u wat in die huis bly saam met u? -- Drie.

En u vrou en wie nog? -- My broer se kind.

Wie nog? -- Dit is al mense wat daar bly.

Is van die kinders selfonderhoudend? -- Nee.

FURTHER/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

FURTHER RE-EXAMINATION BY MR BIZOS: You told us that you have no money to pay the arrear rental in respect of the house that you bought. Did you spend this money during this period on luxuries or did you spend it on daily necessities?

COURT: Or did you go to the casino and play it away?

MR BIZOS: Well that would be a luxury.

COURT: Why do you not, well that is not a luxury, that is wastage.

MR BIZOS: Well worse than a luxury yes. On the basis that the greater includes the lesser.

COURT: Or the horses I should say.

MR BIZOS: That is more likely judging by the queues I see. -- I was spending the money on the necessities that were supposed to have been in the house.

Thank you My Lord, I have no further questions.

ASSESSOR (MR KRUGEL): Mr Bizos I am sorry there is one further question which I did not ask. When do you think that you would start to pay your rent or your bond repayment again? When do you plan to do that? -- I do not know because at the present moment there is no money.

But you did say that if you have to pay you will start paying, you will make a plan to pay? -- What I am going to do is this I am going to share what I have to spend for my living with what I have to pay for this arrears or the capital of the house.

Yes but now when will you start doing that? -- I do not know.

Are you waiting for something? Something to happen? -- I beg your pardon?

Are you waiting for something to happen before you

start/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

start doing that? -- There is nothing I am waiting for except that I am waiting for the time when I will have money.

Yes, thank you.

COURT: Any further questions? Mr Bizos?

MR BIZOS: No thank you My Lord.

NO FURTHER QUESTIONS.

MR BIZOS: My Lord I want to say something about this question of the rent. I did not want to say it whilst the witness was being examined. I merely want to draw Your Lordship's attention to a fact that both the Northern Cape division of the Supreme Court, a full bench decision, and the Orange Free State provincial division - incidentally a case coming from Tumahole - have declared that these debts are, if I understand the judgments correctly, are unenforceable because of the - I must not use any strong words - because of the irregular manner in which levies were made and increases were made. I understand that the Free State case is going to the court of appeal but I do not know what to make of this, whether we have to, whether we, I am raising it because Your Lordship raised it on the question of morality. I am not for one moment suggesting that Your Lordship is not entitled to raise it.

COURT: I will tell you why I raised it. I want to gauge what type of person I am dealing with. Therefore I want his reasons for his non-payment of rent. If he tells me that he has legal advice from the best attorney in town that he need not pay it because the regulation has been invalid all the time, very well then let him say so.

MR BIZOS: Well maybe he does not know but he may be following the, he may be following the general trend. I merely wanted to draw Your Lordship's attention to these judgments

because/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

because it may have some effect on Your Lordship's assessment.

COURT: No doubt you will give me the proper references to the judgments in due course.

MR BIZOS: I have seen the Orange Free State judgment in typescript which was made available at some time or another but be that as it may I just thought that I would draw Your Lordship's attention to that fact.

COURT: Yes, thank you Mr Bizos. I do not think we will start on a further witness this afternoon.

MR BIZOS: Well it would take a few minutes to get him here anyway.

COURT: Now about the application for bail, do you want to start that immediately on Monday morning or shall we leave it half in the air until you have prepared your papers?

MR BIZOS: No I have not had an opportunity of perusing the papers but arrangements were made for the papers to be perused and the accused to be consulted during the weekend and we will be able to tell Your Lordship on Monday when we will have any reply ready. We are obviously anxious to have it done as soon as possible.

COURT: Well in any event let us put it on the basis that you will have a further witness available on Monday morning?

MR BIZOS: Oh yes, yes we do not have to take up court time whilst this preparation is being done.

COURT ADJOURS UNTIL 23 NOVEMBER 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.